MUNISIPALITEIT CEDERBERG MUNICIPALITY

BEVESTIGING: BELEID

MEENTGROND BELEID

Bovermelde beleid is goedgekeur op:

Datum: 6 April 2010

Raadsbesluit no: RB 156 / 06 – 04 - 2010

Handtekening van Munisipale Bestuurder:
G Matthyse

Handtekening van Speaker:
J Engelbrecht

APPROVAL OF POLICY

COMMONAGE LAND POLICY

The above mentioned policy has been approved on:

Date: 6 April 2010

Council decision no: CM 156 / 06 – 04 - 2010

Signature of Municipal Manager:
G Matthyse

Signature of Speaker:
J Engelbrecht

MEENTGROND BELEID VIR KLEINBOER ONTWIKKELING

INHOUD

		BLADSY
1.	AGTERGROND	3 – 4
2.	DOEL	4
3.	GEBRUIK VAN MEENTGROND	4 – 5
4.	KRITERIA VIR GOEDKEURING	6
5.	KEURINGSPROSES EN IDENTIFISERING VAN PROJEKTE	6 – 7
6.	TYDSDUUR VAN PROJEKTE, TOEKENNING VAN HUUR EN DIENSTEGELDE	7
7.	INSTANDHOUDINGSKOSTE VAN DIE INFRASTRUKTUUR, BRONNE VIR BEFONDSING EN DIE VERANTWOORDELIKHEID VIR INSTANDHOUDING	8
8.	ROLSPELERS EN HUL PLIGTE	8 – 9
9.	ONTOELAATBARE OPTREDE	9
10.	VRYSTELLINGS	10
11.	OOREENKOMSTE EN MEENT BESTUURSPLANNE	10

1. AGTERGROND:

Die oorsprong van munisipale meentgrond strek terug in die verlede tot en met die formele stigting van dorpe. Die Staat het groot gedeeltes grond wat dorpe omring gegee aan rade en dié grond kon dan benut word deur dorpsbewoners vir onder andere die aanhou van vee om te slag, die melk van koeie en die verbouing van produkte. Met die verloop van tyd het inwoners belangstelling verloor in die gebruik van meentgrond en is die grond alhoemeer beskikbaar gestel vir kommersiële boere.

Met die toestroming van mense na dorpe veral in landelike gebiede is daar toenemende druk op die reg tot gebruik van munisipale meentgrond. Dit kan toegeskryf word aan die behoefte van mense (nuwe inwoners) om hierdie bron te gebruik om hulle bestaansreg te behou. Cederberg munisipaliteit word alhoe meer gekonfronteer met versoeke van opkomende boere vir die gebruik van meentgrond vir onder andere weiding vir hul vee asook vir die verbouing van landbou produkte.

Alhoewel Cederberg munisipaliteit nie direk verantwoordelik is vir landbou ontwikkeling of grond hervorming, het die munisipaliteit 'n verpligting om prosesse te ondersteun sovêr moontlik binne die wetlike raamwerk wat daargestel is. Met die toewysing van gebruik van meentgrond sal die Ruimtelike Ontwikkelingsraamwerk (ROR) 'n sleutel dokument wees wat gebruik kan word om spesifieke grondgedeeltes te identifiseer vir spesifieke gebruike. Die ROR is een van die sektorale komponente van die Geïntegreerde Ontwikkelingsplan (GOP) en sal die toekomstige ruimtelike vorm en struktuur (die manier waarop beskikbare ruimte vir stedelike groei aangewend word in elke dorp) van Cederberg munisipaliteit bepaal. Dit is 'n langtermynplan om die groei en verandering van Cederberg munisipale gebied te bestuur.

Die beleid en planne wat sal voortvloei uit die ROR sal:

- Die geskikste gebiede vir stedelike ontwikkeling, die gebiede wat beskerm moet word en die gebiede waar ontwikkeling moontlik is indien dit behoorlik bestuur word bepaal;

- Vir beleggers 'n duidelike idee gee waar om te belê;
- Openbare belegging in infrastruktuur en maatskaplike fasiliteite rig/fokus;
- Gebruik word om aansoeke van eiendomsontwikkelaars te beoordeel, asook
- Veranderinge in grondgebruikregte rig.

In Cederberg se geval lê van die meentgrond buite die dorpsgebiede en soos reeds genoem moet die gebruik en toewysing van hierdie grond beter bestuur word.

2. DOEL:

Die doel van die beleid is om voorsiening te maak vir die gebruik en bestuur van meentgrond wat deur die munisipaliteit beskikbaar gestel word vir ontwikkeling en landbou aktiwiteite (weiding en verbouing van produkte).

Die Cederberg munisipaliteit wil grond beskikbaar stel vir projekte wat 'n integrale deel vorm van die Munisipaliteit se Geïntegreede Ontwikkelingsplan (GOP) en wat die behoeftes van opkomende boere kan aanspreek.

Armoede verligting en werkskepping is van kardinale belang in die Cederberg Munisipaliteit en die vrystelling van meentgrond is die instrument wat gebruik kan word om veral die volgende aan te spreek:

- Grond vir opkomende boere en
- Plaaslike ekonomiese ontwikkeling.

3. GEBRUIK VAN MEENTGROND:

Die meentgrond sal gebruik word vir landbou doeleindes wat bestaan uit veeboerdery en gewasse aanplantings, eko-toerisme en klein besighede wat kan voorspruit uit bogenoemde. Die gebruik van die meent sal verder onderhewig wees aan enige nasionale en provinsiale wetgewing en regulasies soos bepaal word deur die munisipaliteit. Grondgebruik sal bepaal word deur die Raad met die oorweging van insette van Departement van Landbou en ander rolspelers in die landbou sektor.

Die gebruik van die grond vir landbou doeleindes sal onderhewig wees aan die volgende voorwaardes en riglyndokumente:

- Die ruimtelike ontwikkelingsplan van die munisipaliteit
- Die dra kapasiteit van die grond en die daarstelling van deeglike bestuursisteme.
- 'n Omvattende grondgebruiksplan van meentgrond beskikbaar vir landbou doeleindes.

Departement van Landbou sal ondersteuning verskaf in die bepaling van die drakrag van grond wat geskik is vir weiding en ook ondersteuning verleen aan voornemende huurders om weidingooreenkomste saam te stel. Die getal vee op die meent sal bepaal word deur die drakapasiteit van die grond. Veeboerdery sal onderhewig wees aan die weidingregulasies soos saamgestel deur die munisipaliteit.

Alle boere met vee op die meent, moet binne 60 dae voldoen aan die vereistes soos deur die munisipaliteit bepaal aangaande die merk van vee met dien verstande dat geen vee wat nie gemerk is volgens die voorskrifte van die Wet op Identifisering van Diere munisipaliteit of Departement van Landbou op die meent mag wei nie. Die verdeling van weiding van grond en weidingskampe sal geskied in samewerking met Departement van Landbou.

Die grond sal gebruik word met dien verstande dat die nodige infrastruktuur en hulpbronne teenwoordig is op die grond. Die munisipaliteit in samewerking met die volgende Departemente (Landbou en Waterwese) sal waar toepaslik bystand verleen. Die ontwikkeling van enige

infrastruktuur sal onderhewig wees aan die bou spesifikasies soos uiteengesit in die Wet op Nasionale Bouregulasies en Boustandaarde, no 103 van 1977. Die skepping van infrastruktuur moet ook gekoppel word aan die ruimtelike ontwikkelingsplan van die munisipaliteit. Enige ontwikkelings mag uitsluitlik vir landbou doeleindes wees en soos bepaal deur die munisipaliteit. Alle infrastruktuur met betrekking tot vee en gewasse boerdery moet onderhewig wees aan spesifikasies soos voorgestel deur Departement Landbou. Geen infrastruktuur ontwikkeling sal toegelaat word indien daar nie aan die bogenoemde vereistes voldoen word nie. Bestaande strukture moet ook voldoen aan die vereistes soos bepaal deur die munisipaliteit.

Waterregte sal deur die munisipaliteit aan die meentgrondgebruikers toegestaan word. Die verspreiding van water op meentgrond sal by die munisipaliteit berus. Toetreding tot die grond sal slegs geskied indien die nodige watervoorsiening beskikbaar is op die grond.

Veeboere wat die meent gebruik sal onderhewig wees aan skutregulasies soos bepaal sal word deur die munisipaliteit. Ordonansies en regulasies met betrekking tot die aanhouding van diere moet streng toegepas word, asook die slagtingsregulasies, die Wet op Identifisering van Diere, 2002 (Wet nr 6 van 2002) en Abattoirwet.

4. KRITERIA VIR DIE GOEDKEURING VIR DIE GEBRUIK VAN MEENTGROND

Die kriteria vir toelating tot die meentgrond moet daargestel word binne die raamwerk van die Grondwet van Suid Afrika. Die volgende keuringskriteria sal geld:

- Die persoon/ne moet 'n permanente inwoner binne die Cederberg munisipale gebied wees. Die aansoeker moet 'n beëdigde verklaring aflê dat die aansoeker ten minste (5) vyfjaar woonagtig is in die Cederbergarea. Die aansoeker moet ook 'n gesertifiseerde afskrif van sy/haar Suid Afrikaanse identiteitsdokument voorlê.
- Aansoekers moet geregistreerde lede van kleinboere verenigings en die oorkoepelende kleinboere vereniging binne die munisipale gebied wees.

- Aansoeker sal alle bates / toerusting wat tot die effektiewe gebruik van die grond sal wees voorlê.

5. KEURINGSPROSES EN IDENTIFISERING VAN PROJEKTE

Die grond wat aangewend kan word vir kleinboer aktiwiteite sal wees bestaande meentgrond soos geïdentifiseer deur die munisipaliteit. 'n Keuringskomitee sal saamgestel word wat sal bestaan uit:

- 'n Afvaardiging van (3) drie Raadslede (verteenwoordigend van die Portefeulje Komitees)
- Verteenwoordigers van die Departemente van Landbou en Waterwese
- Twee lede van die oorkoepelende kleinboere vereniging wat afgevaardig is deur die vereniging.

Die keuringskomitee sal projekte goedkeur volgens keuringskriteria soos uiteengesit in Afdeling 4 & 5 van hierdie beleid. Die keuringskomitee sal die volgende aspekte in ag neem in die keuring van projekte:

- Die beskikbaarheid van grond binne die gebied.
- Die gebruiksdoeleindes – soos vereis deur Departement van Landbou.
- Omgewing vereistes soos bepaal deur nasionale en provinsiale wetgewing.
- Die volhoubaarheid van die projek ooreenkomstig met die plaaslike ekonomiese ontwikkelingsplan van die munisipaliteit.
- Volledige besigheidsplan en voorlegging by die keuringskomitee, welke besigheidsplan insluit kostes, beskikbaarheid van grond en volhoubaarheid van die projek.
- Die keuringskomitee sal suksesvolle aansoeke aan die Raad oorhandig vir finale goedkeuring.

- 'n Formele ooreenkoms sal gesluit word tussen die Raad en die betrokke indiwidu / kleinboer vereniging in die vorm van 'n huurooreenkoms.

6. TYDSDUUR VAN PROJEKTE, TOEKENNING VAN HUUR EN DIENSGELDE

Huurooreenkomste sal gesluit word tussen die Raad en die betrokke indiwidu / kleinboer vereniging. Die huurooreenkoms sal duidelik die grond identifiseer soos verskyn op die akte en die termyn waarvoor die grond verhuur gaan word.

Die huurooreenkoms sal bepaal word deur die tipe boerdery van die indiwidu / kleinboer vereniging. In die geval van veeboerdery sal daar 'n weidingsooreenkoms tussen die munisipaliteit en meentgebruikers gesluit word, met dien verstande dat die meentgebruikers onderhewig sal wees aan weidingsregulasies soos bepaal deur die munisipaliteit.

Die huurtermyn sal nie vir minder as 'n periode van drie (3) jaar aan die kleinboere vereninging verhuur word nie. 'n Lang termyn kontrak sal direk gekoppel wees aan die tipe projek en die volhoubaarheid daarvan. Huurders moet binne dertig dae na die ondertekening van die huurooreenkoms die grond betree en dit gebruik soos uiteengesit in die huurooreenkoms. Huurgeld sal bepaal word deur die munisipaliteit vir die drie (3) jaar huurtermyn.

Die meentgrond gebruiker sal verantwoordelik wees vir dienstegelde (indien beskikbaar) en kostes vir die voorsiening van dienste binne 30 dae nadat 'n huurooreenkoms gesluit is tussen die munisipaliteit en kleinboer vereniging.

7. INSTANDHOUDINGSKOSTE VAN DIE INFRASTRUKTUUR, BRONNE VIR BEFONDSING EN DIE VERANTWOORDELIKHEID VIR INSTANDHOUDING

Die munisipaliteit sal verantwoordelik wees vir die toekenning van waterregte. Na die ondertekening van die huurooreenkoms sal die meentgrondgebruikers verantwoordelik wees vir die instandhouding van infrastruktuur.

Die lede van die betrokke kleinboer vereniging sal onderling op die meentgrond verantwoordelik wees vir die instandhouding van die infrastruktuur op die meent. Ontwikkeling van infrastruktuur / strukture sal slegs geskied op goedkeuring van die munisipaliteit.

8. ROLSPELERS EN HUL PLIGTE

Die munisipaliteit kan met rolspelers saamwerk wat 'n positiewe bydrae tot die ontwikkeling van projekte op die meentgrond van die munisipaliteit kan lewer. Die volgende rolspelers is reeds geïdentifiseer:

- Departement van Landbou: Boerevestiging, opleiding, grondtoetse, befondsing van infrastruktuur, gewasse beplanning, aanplantings en onderhoud asook korrekte weidingsmetodes.
- Departement van Waterwese: Hulp verlening met toegang tot water en water kwaliteit toetse)
- Elsenburg en Bienne Donne Opleidingsfasiliteite: Opleiding vir opkomende boere
- Departement van Grondsake: Skenkings en befondsing
- Departement Omgewingsake: Grondgebruik
- Kommersiële boere en boere vereningings: Tegniese advies

9. ONTOELAATBARE OPTREDE

Geen persoon mag sonder die vooraf verkreë toestemming van die munisipaliteit –

- enige hut, skuiling, kraal, woning of struktuur van enige soort oprig nie, nog woon, kamp of plak op enige deel van 'n meent;
- op enige deel van 'n meent enige motorwrakke, ander voertuie, masjiene of enige skroot daarvan, versamel, stort of deponeer nie, of toelaat dat sodanige materiaal daar versamel, gestort of deponeer word nie;
- op die meent spit of grond, klei, sand, gruis of klip daarvan verwyder nie;
- op die meent bakstene vervaardig of baksteen-, lym- of houtskool oonde op 'n meent oprig nie;
- enige plant, bas, bome, hout, brandhout, ruigte, mis of enige gras wat op die meent groei, of is, sny, beskadig, brand, vernietig, versamel of daarvan verwyder nie;
- met enige heining, hek, waterbak, kraan toerusting of ding inmeng of skade daaraan veroorsaak nie, of enige weiding, bos, boom of struik op 'n meent aan die brand steek nie;
- enige pad oor 'n meent gebruik, buiten paaie waarvan die munisipaliteit van tyd tot tyd die gebruik magtig nie, asook paaie wat regtens deur die publiek gebruik mag word nie;
- enige gif vir watter doel ook al op 'n meent deponeer of op enige wyse daar laat nie;
- enige wild of voëls van watter beskrywing ook al en wat op die meent voorkom, doodmaak, vang, aanhou, jag of poog om sodanige wild of voëls van watter beskrywing ook al, dood te maak nie;
- strikke van enige beskrywing op 'n meent stel nie;
- enige voël of waterhoenders se neste vernietig of se eiers of kleintjies daaruit verwyder waar sodanige neste op 'n meent voorkom nie; of
- enige vis in 'n dam, rivier of uit enige water wat op 'n meent voorkom, verwyder nie.

Enige persoon wat hom/haar skuldig maak aan bogenoemde mag veroorsaak dat die ondertekende kontrak beïndig word. 'n Persoon wat bogenoemde oortredings begaan is skuldig aan 'n misdryf. Die munisipaliteit mag enige stappe doen of reël dat dit gedoen word, wat nodig is om enige oortreding van bogenoemde te herstel en die munisipaliteit mag enige sodanige koste deur hom aangegaan, van die persoon verantwoordelik vir die oortreding, verhaal.

10. VRYSTELLINGS

Enige persoon mag by wyse van skriftelike vertoë met vermelding van volle redes, aansoek doen by die munisipaliteit om vrystelling van enige bepaling van hierdie beleid. Die munisipaliteit

mag:

- slegs skriftelike vrystelling verleen waarin die voorwaardes, indien enige, uiteengesit word asook die tydperk vaarvoor sodanige vrystelling geldig sal wees;
- enige vrystelling of voorwaarde in 'n vrystelling, wysig of kanselleer;
- die toestaan van 'n vrystelling weier.

Die vrystelling tree slegs in werking nadat 'n aansoeker 'n skriftelike onderneming om aan al die voorwaardes van die munisipalitiet te voldoen, onderteken het. Indien enige aktiwiteit 'n aanvang neem alvorens sodanige onderneming geliasseer is by die munisipalitiet, verval die vrystelling. Die vrystelling verval onmiddellik indien enige voorwaarde van die vrystelling nie nagekom word nie.

11. OOREENKOMSTE EN MEENT BESTUURSPLANNE

Die munisipaliteit mag, in oorleg met die gemeenskap, 'n skriftelike ooreenkoms met enige party sluit rakende die gebruik van die meent of enige gedeelte daarvan of 'n meentbestuursplan ontwikkel, ingevolge waarvan die meent bestuur en ontwikkel mag word.